HERMANUSDOORNS AANDELEBLOK BEPERK
NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE DIE PLAAS OP

2 Oktober 2010 OM 11H00

1. Welkom

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 en verwelkom alle aandeelhouers teenwoordig asook Mnr Michael Fickert, nie uitvoerende bestuurslid.

2. Kennisgewing van Vergadering en Korum

Daar is 74 aandeelhouers teenwoordig in persoon of deur gevolmagtigde "proxy", verklaar die Voorsitter dat dit 'n kworum vorm en dat verigtinge kan voortgaan. Die Voorsitter het beklemtoon dat 38 stemme nodig is om 'n resolusie te aanvaar en 'n besluit van krag te maak.

Die Voorsitter het verduidelik dat stemming sal geskied deur die opsteek van kaarte en elke kaart verteenwoordig een aandeel en een stem.

Mnr Smith het aangebied om as skeidsregter op te tree en te help met die onafhanklike tel van stemme.

Twee aandeelhouers het laat gearriveer en het ook 'n volmag "proxy" van 'n aandeelhouer wat nie die vergadering bywoon nie. Dit bring die getal aandeelhouers teenwoordig in persoon of deur gevolmagtigde "proxy" op 77 te staan, met 39 stemme nodig om 'n resolusie te dra.

3. Verskonings

Verskonings was ontvang van die volgende persone:

Mnr D. Botha
Mnr I. Galetti
Mnr & Mev Retief
Mnr P. van der Ben

4. Bevestiging van notule van Vorige Algemene Jaarvergadering (AJV)

Mnr Rupert het 2 punte geopper wat nie verskyn het op die notule van die vorige AJV nie:

1. Uitgelaat onder punt 5 was genoem van die ongemagtigde gebruik van plaas bates.
2. Uitgelaat onder "Algemeen" was melding gemaak van uitgrawings aan die voet van die berg asook uitgrawings vir 'n dam.

Die Voorsitter het beaam dat die notules gekorrigeer sal word.

Mnr van Zyl het navraag gedoen waarom die briewe van Willie Botha nie na aandeelhouers gesirkuleer was nie. Mnr Mulder het daarop geantwoord dat dit tussen Mnr Botha en die Voorsitter ooreengekom was dat dit nie gesirkuleer sal word nie aangesien die saak as afgehandel beskou word.

5. Inleiding

Voordat normale AJV sake in aanvang geneem het, het die Voorsitter die feit benadruk dat van volgende jaar se AJV die kleurkaart stemming sisteem al die afterstallige en uitstaande betalings soos op 31 Maart en nie net onbetaalde levies nie, sal reflekteer. Uitstaande betalings vir dienste het nie reflekteer in die stemming kaarte hierdie jaar, omrede daar rekonsiliasie verskille op elektrisiteits oorname saldo is.

Hy het ook uitsluitsel gegee oor die feit dat aandeelhouers met uitstaande betalings verskuldig aan die plaas nie verbied kan word om die AJV by te woon nie, soos voorgestel deur 'n aandeelhouer by die vorige AJV.

Daar was twee spesiale resolusies geopper op die vorige AJV wat teruggetrek is in die vergadering deur die aandeelhouer wat dit voorgestel het. Die Voorsitter het met die aandeelhouer voor die AJV gekonsulteer en gevra of dit her-bewoord moet word en weer voorgestel moet word, maar dit was van die hand gewys.

Die reeling met die plaasbestuurder is afgehandel en was weergegee in die AJV.

Die voorstel op die vorige AJV om 'n resolusie te tafel by hierdie vergadering met betrekking tot die gebruik van die kapitale heffing vir die voorsiening van water storing in die berg in geval van brand was nie getafel by hierdie vergadering nie, aangesien die direkteure steeds beter en meer koste effektiewe metodes ondersoek.

6. Voorsitters Verslag

6.1 Uit die staanspoor het die Voorsitter benadruk dat korporatiewe bestuur die hoof fokus vir 2010 was en hy het Mnr Attie du Plessis en die Ouditerings Kommitee in besonder bedank hiervoor. Die JFS (Jaarlikse Finansiele State) en GR (Goedkeurings raamwerk) is nou in lyn met die IFRS (Internasionale Finansiele Rapportering Standaarde) en is meer omvattend, 'n GR is ontwerp wat meer deursigtigheid in die besluitnemings proses gee en is op die webblad. Die raad sal voortgaan met die implementring van prosedures, bv. verkoop van aandele, bouwerk, kontrakteurs, ens.

6.2 Die Voorsitter het 'n gedetaileerde voorlegging gegee van die vorige jaar se aktiwiteite, ingesluit die fauna en flora, kapitale verbeterings, ontbossing, wild vangste, reenval, wild getalle, veld studie, ens. Hy het benadruk dat 2010 'n goeie jaar was, maar dat addisionele risikos nou inherent deel van die besigheid is aangesien addisionele werklading en aktiwiteite , bv bou aktiwiteite, wat die toename in belangrikheid van verskeie vereistes tot gevolg het (bv elektries, struktuur, ens)

Die Voorsitter se voorlegging kan op die webwerf besigtig word.

6.3 Die Voorsitter het die finansiele resultate vir die jaar geeindig 28 Februarie 2010 voorgele.

7. Algemene Sake

a. <u>Algemene Resolusie 1</u>

Afgehandel as Algemene Resolusie 1 vir die goedkeuring van notules van die vorige AJV gehou op 8 Augustus 2009.

Die notules moes goedgekeur word insluitend die twee korreksies uitgewys in Punt 4 hierbo.

Die resolusie was voorgele vir stemming.

Voorgestel: Mnr Cochrane
Sekondant: Mnr Groenewald

Eenstemmig aanvaar.

b. <u>Algemene Resolusie 2</u>

Afgehandel as Algemene Resolusie 2 vir die ontvangs en aanneem van die Maatskappy se JFS (Jaarlikse Finansiele State) vir die jaar geeindig 28 February 2010 tesame met die verslae van die direkteure en ouditeure.

Die voorsitter het die agtergrond van die aanvaarding van die IFRS (Internasionale Finansiele Rapportering Standaarde) verduidelik en dat die JFS deur 8 konsep ontwerpe is voordat die Ouditerings Kommitee dit aanvaar het. Hy het deur die besonderhede van die inkomste en uitgawe tesame met kontantvloei en balansstaat items in sy Voorsitters Verslag gegaan.

Die resolusie om die JFS te aanvaar was voorgele verkiesing.

Voorgestel: Mnr Gildenhuys
Sekondant: Mnr Rupert

Eenstemmig aanvaar.

c. Algemene Resolusie 3

Afgehandel as Algemene Resolusie 3 om Russel James and Company Incorporated (Inkorporeer Core Charted Accountants (SA) as ouditeure vir die Maatskappy te behou tot afhandeling van die volgende AJV.

Voorgestel: Mnr Smith
Sekondant: Mev Janse van Vuuren

Daar was een stem teen, en die ander ten gunste, dus was die resolusie aanvaar.

8. Verkiesing van Direkteure

Mnr Hill en Me Konz het bedank as direkteure in terme van die rotasie beleid and het hulself weer beskikbaar gestel vir herkiesing. Stemming het deur middel van stembriewe plaasgevind.

Stembriewe was getel deur Mnr Smith en Mnr Fickert en die uitslae was bekend gemaak aan die einde van die vergadering. Mnr Hill was herverkies maar Ms Konz was nie.

9. Medium en Lang Termyn Planne

Die Voorsitter het die medium en langtermyn planne voorgele.

Mnr Mulder het uitgelig dat Waterbok Pan opgegradeer was maar steeds lek en bevraagteken wat die direksie doen om die kennis van die aandeelhouers te gebruik. Die punt aangaande aandeelhouers kennis was erken deur die Voorsitter wat geantwoord het dat die plaas riglyne en pamflette gebruik van die Beton & Sement Instituut en dat Ventolite te duur is om die damme mee te seel.

Mnr van der Merwe het voorgestel dat a kommitee met deskundiges gevorm word om na die dam se konstruksie te kyk. Die voorsitter het reageer deur te se dat hy aanvaar dat meer gedoen kan word om aandeelhouers se ondervinding te gebruik, maar ook bygevoeg dat die plaas nie deur honderde kommittess bestuur kan word nie.

Mnr Rupert het versoek dat uitklaring gegee word oor die ligging van die Breekloof dam wat gebou sal word asook die punt dat ‘n hoop sand vir konstruksie vir meer as ‘n jaar langs die pad na die huidiglike Breekloof Dam le.

Die Voorsitter het ook die punt wat geopper was deur Mnr Rupert beantwoord deur te bevestig dat absoluut geen jagtery of uitdunning gedoen was op die plaas behalwe vir humanitere doeleindes nie (en die Kudu koei vir die potjie na die AJV)

10. Algemeen

Die bouregulasies en kontrakteurs prosedures was voorgele.

Mnr Pepermans het navraag gedoen of die bouregulasies ook van toepassing is op bestaande huise (in lyn met die besluit om klip toe te laat vir aanbouing aan bestaande eiendom).

Mnr van Zyl het ‘n opmerking gemaak dat in sy ondervinding, die pryse gekwoteer deur Hermanusdoorns kenmerkend hoer is as ander kontrakteurs.

Mnr Rupert het ‘n opmerking gemaak dat in die verlede planne ingedien is vir goedkeuring maar dat ‘n verkillende struktuur gebou is (bv 500m2 in stede van 300m2). Die direkteure se terugvoer was dat dit die uitsondering op die reel was. Hy het ook gevra of daar in die toekoms gelas sal word dat die struktuur afgebreek word indien dit weer gebeur. Die Voorsitter het bevestigend geantwoord.

Mnr Thompson het bevraagteken of die plaas geregistreer was as ‘n kontrakteur by die NHBRC. Die plaasbestuurder is geregistreer.

Mnr van der Merwe het bevraagteken of dit wat reflekteer as ander inkomste nie was waarvoor aandeelhouers heffings voor betaal nie.

Mnr Pepermans wou duidelikheid he oor hoe planne goedgekeur was oor die afgelope 6 maande en watter direkteure gekonsulteer was.

Mev Rupert het uitgewys dat met bou sertifisering, weerligafleier sertifikate belangrik is vir assuransie doeleindes.

Mnr Griffin het versoek dat die plaas radio frekwensie gepubliseer moet word. Dit was ook genoem dat aandeelhouers aan die agterkant van die plaas nie goeie ontvangs het agter die berg nie. Die Voorsitter sal ondersoek.

Alvorens Mnr Pepermans die aandeelhouers te woord gestaan het, het Mnr Frickert verduidelik in gevolge Artikels van Assosiasie hoe Direkteure aangestel word en het uitgelig dat CI57.1 baie belangrik is.

Mnr Pepermans het aandeelhouers aangespreek en bevraagteken of daar genoeg direkteure is om die getal aandeelhouers te diens en aanbeveel dat ‘n direkteur wat woonagtig is op die plaas ook aangestel moet word en het voorgestel ‘n algemene vergadering word bele om die aangeleenheid te bespreek.

Mnr du Plessis het benadruk dat 5 direkteure genoeg is en dat die hoof doel en verantwoordelikeheid van die direkteure is om die risiko van die besigheid te mitigeer. Hy het ook vasgestel, met sy toevoeging tot die direksie, dat daar nie genoegsame prosesse in plek is nie, daarom die fokus om dit geformaliseer te kry asook die implementering van prosedures en kontroles en die behoorlike delegering van pligte – heelparty hiervan is “work in progress”. Meer direkteure sal nie die situasie verbeter nie.

Mnr Mulder het ook sy steun uitgespreek vir ‘n aparte algemene vergadering om algemene onderwerpe te bespreek aangesien meer van die fokus op die AJV op finansies geskoei is. Met wys van hande het slegs 7 aandeelhouers hierdie voorstel ondersteun.

Mnr Moore het die vergadering aangespreek en versoek om ‘n vennoot in te bring in die vorm van ‘n sindikaat van 2 ten spyte van die resolusie geneem ten tye van die AJV in 2006 wat verdere sindikate verbied het. Slegs 15 aandeelhouers het ingestem met die wys van hande.

Mnr Stols het die aangeleentheid rondom oorerwing (erflating) wanneer aandeelhouers meer as een kind het geopper. Hierdie aangeleentheid sal na die direksie verwys word om daaroor te besin en klarigheid daar rondom te kry.

Hout kan per bakkievrag aangekoop word indien vooraf gereel met die plaasbestuurder.

Die probleem met rondloper katte is opgebring deur Mnr Rees. Hierdie katte sal op sig uitgeroei word om inteling met wilde katte te voorkom.

.

Mnr Vos het gevra dat ’n klein opening gelaat word in die pad vir aandeelhouers wat naby die swembad woon en na die onthaal area wil stap, eerder as om die lang pad om te stap omrede die pad nou geblok is.

Met geen verdere sake ter bespreking, nooi die Voorsitter almal uit vir middagete.

Vergadering afgesluit om 14h00.

HERMANUSDOORNS WEB TUISTE: www.hermanusdoorns.co.za